Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

7 Februarie 2025 Uitgawe: 4/1/2025

# UIT DIE KANTOOR

Verlede Vrydag was ons jaarlikse kleure-atletiek. Baie dankie aan al die ouers wat hierdie heerlike dag saam ons kom geniet het. Alhoewel dit lekker warm was, kon die deelnemers steeds goeie prestasies behaal. Ons is baie trots op elke deelnemer. Baie geluk aan die atlete wat nuwe rekords opgestel het. Uitslae is aangeheg.

By Tjokkies is kultuur vir ons net so belangrik. Dankie aan al die ouers wat Maandagaand die Kultuurinligtingsaand bygewoon het. Indien u nie die geleentheid kon bywoon nie, is u welkom om die betrokke aktiwiteitshoof te nader vir enige inligting.

**Sportvelde:**

Die nuwe sportvelde kom nou baie mooi aan. Die rugbypale is die week geplant en die matte van die krieketnette word volgende week geplak. Ons werk baie hard om alles gereed te kry vir ons groot inwydingsgeleentheid wat op Donderdag, 20 Februarie sal plaasvind. Almal is welkom om hierdie geskiedkundige geleentheid saam met ons te kom vier.

’n Elektroniese skakel is aan alle ouers gestuur om te bepaal hoeveel gesinne wel die geleentheid sal bywoon, aangesien daar gereël moet word vir braaiers, hout, ens. Ons vra mooi dat indien u beplan om die geleentheid by te woon, u die skakel voor 14 Februarie sal voltooi.

Die komende week is weer propvol aktiwiteite met ’n koorkamp, krieketwedstryde, atletiekbyeenkoms en ‘n gala wat voorlê. Dankie dat u getrou ook hier u kinders kom ondersteun. Inligting is reeds uitgestuur.

**Kommunikasie:**

Goeie kommunikasie is vir ons baie belangrik. Ek besef egter dat te veel inligting dalk oorweldigend kan wees, daarom is die volgende besluit geneem:


- D6 - Weekblad op Vrydae en alle belangrike inligting na die hele skool, na-ure.
- Aktiwiteitsgroepe - Aktiwiteitshoof verantwoordelik vir inligting met betrekking op daardie spesifieke groep.
- Community WhatsApp-groep - Sal voortaan vanuit die kantoor bestuur word tydens skoolure (7:00 - 14:00)
- Klasgroepe - Sal deur die klasonderwyser bestuur word.
  Stuur egter u navraag voor 18:00 saans.

- E-posse - Vir enige ander navrae, stuur gerus 'n e-pos na die adresse wat vir daardie doel geskep is. Inligting verskyn agter op die skoolkalender.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 7 Febr.: | Senior Koorkamp |
| | o/11 & o/13 Tennisuitspele |
| 8 Febr.: | Senior Koorkamp |
| 10 Febr.: | o/9 Krieketliga |
| | Swemspan-ouerinligtingsaand (18:00) |
| | Finkom vergadering |
| 11 Febr.: | o/11 Krieketliga |
| 12 Febr.: | Tjokkies en Willem Postma swemgala (Tjokkies) |
| 13 Febr.: | Sone A Atletiek (Stadion) |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 10 Febr.: | Juf. Ursula Helberg (Gr. 7) |
| 11 Febr.: | Juf. Valmari Coetzee (Gr. 4) |
| | Juf. Blanché Truter (KS) |

## ANDER

Sien asb. swemgala en kleure-atletiek rekords en Victor- en Victrix Ludorums hierby aangeheg.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Skakel gerus vir Suzane by bemarker@tjokkies.co.za om 'n advertensiebord voor die snoepie te plaas. Uitstekende bemarking vir minder as R300.00 per maand.

# VALENTYNSVERKOPE






# VAN DIE MAMMAS WAT BID

*Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het.*

1 Joh. 4:19

God het ons eerste lief gehad en *omdat* God eerste lief vir ons was en is, kan ons weer op ons beurt vir Hom lief wees.

Soortgelyk kan ons kinders ons liefhê, as ons hulle eerste liefhet. Dit is hoe die Here dit vir ons bedoel het.

As ek liefde vir my kind gee, sal my kind liefde vir ander kan gee.

Kom ons staan saam in geloof en hê mekaar lief, net soos God ons liefhet en ons dan in Sy spore kan volg.

Gebed:

Here, ons liefdevolle Vader in die Hemel en hier op aarde. Dankie dat u met ons in verhouding is. Help ons om elke dag hier by ons skool in liefde met mekaar te leef sodat almal kan sien dat U lig en liefde teenwoordig en sigbaar is hier in Tjokkie-land.

Amen

NS. Ware liefde is nie gevind op 14 Februarie nie, maar in **Joh 3:16.**

# RITMEGROEP

**Ritmegroep Oudisies 2:**

Leerders wie deurgedring het na die tweede oudisie, se name verskyn op die kennisgewingbord.

Dinsdag, 11 Februarie om 16:00 tot 17:30 in die skoolsaal.

Die dansie van die oudisie word gebruik en leerders kan huis toe gaan na sy/haar beurt.

# SNUFFELS


MIMOSA MALL
the CÎRK
FREE SHOWS!
AT MIMOSA MALL MAIN ATRIUM
07 FEB
12pm: Show & Kids Workshop
2pm: Show
3pm: Show
08 FEB
10:30am: Show & Kids Workshop
12:30pm: Show
13:30pm: Show
09 FEB
10:30am: Show & Kids Workshop
12:30pm: Show


BACK-2-
SCHOOL!
Geldig tot 14 Februarie
6 Gruisstraat, Hilton,
Bloemfontein
MAGALIES
MAKES 25 LITRES WHEN DILUTED
ORANGE
50% Fruit Nectar Blend Concentrate
Orange & Naartjie
MAGALIES
5% afslag op alle 5L nektar produkreeks


Kia Sportage
Fall in love with your next ride this February -
the month of love!
Receive up to R60 000 discount.
UNLIMITED KILOMETRE
5 YEAR WARRANTY
SPORTAGE GP
Movement that inspires
Bloemfontein
T's and C's apply. Image for illustration purpose only.




CLOCOLAN, OOS-VRYSTAAT

IMLA

gasteplaas